Jou innoverende vennoot
in 'n veranderende landbou-omgewing

GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2017

(Registrasienommer: 1998/007243/06)

NWK BEHEREND BEPERK

GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2017

Direkteursverslag 3

Staat van finansiële stand 5

Staat van wins of verlies 6

Staat van omvattende inkomste 7

Staat van verandering in ekwiteit 7

Kontantvloeistaat 8

Segmentele verslagdoening 9

Aantekeninge by die tussentydse finansiële state 10

Korporatiewe inligting 12

Die gekonsolideerde tussentydse finansiële state is nie geouditeer of onafhanklik nagegaan nie, is deur AJ van Tonder (Geoktrooieerde Rekenmeester SA) onder toesig van die Hoof Finansiële Beampte voorberei, op 18 Desember 2017 deur die direksie goedgekeur en op 19 Desember 2017 gepubliseer. Hierdie verslag is in Engels en Afrikaans gepubliseer. Indien enige teenstrydighede tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes van die verslag voorkom, moet die Engelse weergawe as die korrekte weergawe beskou word.

DIREKTEURSVERSLAG AAN DIE AANDEELHOUERS VAN NWK BEHEREND BEPERK

Die direksie doen in dié verslag, wat as deel van die gekonsolideerde tussentydse finansiële state aangebied word, verslag oor die finansiële stand van die maatskappy, sy filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings soos op 31 Oktober 2017, die resultate van hul bedrywighede en kontantvloei vir die ses maande op daardie datum geëindig.

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEDE
Die direksie is verantwoordelik vir die finansiële state. Ingevolge dié verantwoordelikheid is dit die plig van die direkteure om te verseker dat die finansiële state die finansiële stand en prestasies van die maatskappy billik aanbied, dit volledig en akkuraat is, voldoen aan die bepalings van die Maatskappywet van Suid-Afrika en in ooreenstemming met die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde voorberei is. Die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde vereis dat die direkteure die lopendesaakbeginsel by die voorbereiding van finansiële state ondersoek, toepaslike rekeningkundige beleid identifiseer om bates, laste, inkomste en uitgawes te verantwoord, oordeel gebruik en ramings en aannames aangaande die toekoms maak.

LOPENDESAAKBEGINSEL
By die voorbereiding van finansiële state ondersoek die direksie op grond van die betrokke finansiële state onder oorsig die finansiële stand, resultate en verhoudings van die maatskappy, sy kapitaalbehoeftes, finansiële verpligtinge en die vereffeningsdatums daarvan, leningsooreenkomste, beskikbare fasiliteite, finansiële bates en die verhaalbaarheid daarvan, kontantgenererende bates en kontantvloei sowel as die algemene ekonomiese en landboutoestande, heersende en verwagte marktoestande, politieke klimaat en ander beduidende volhoubaarheidsaangeleenthede. Die direkteure is van mening dat die maatskappy 'n lopende saak is, gevolglik is die gekonsolideerde tussentydse finansiële state volgens die lopendesaakbeginsel voorberei.

GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSTYDPERK
Die direksie is nie bewus van enige gebeure ná die verslagdoeningstydperk, wat nie reeds in die gekonsolideerde tussentydse finansiële state behandel is, wat 'n wesenlike invloed op die geopenbaarde gekonsolideerde tussentydse finansiële state het nie.

INTERNE FINANSIËLE BEHEERSTELSEL
Die direksie is verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en instandhouding van 'n doeltreffende interne finansiële beheerstelsel. Die interne finansiële beheerstelsel bestaan uit alle interne beleids- en finansiële beheermaatreëls en is ontwerp om die integriteit van finansiële inligting te verseker, dit wil sê om redelike sekerheid te verskaf dat transaksies volgens beleid en prosedures aangegaan word, bates beskerm word, foute en bedrog voorkom word, die rekeningkundige rekords en finansiële verslae volledig en akkuraat is en die toepaslike wetsbepalinge en standaarde nagekom word.

Die oudit- en risikokomitee, interne ouditfunksie en bestuur vervul sleutelfunksies by die ontwikkeling, implementering, kontrolering en beoordeling van die interne finansiële beheerstelsel. Die direksie is verantwoordelik vir die daarstelling en instandhouding van 'n onafhanklike ouditkomitee en dit is sy plig om te verseker dat die maatskappy oor 'n interne ouditfunksie beskik wat onafhanklik van die bestuur optree, oor die nodige hulpbronne en kundigheid beskik, doeltreffend is en 'n risikogegronde ouditbenadering volg.

Die direksie het die onafhanklikheid, kundigheid en doeltreffendheid van die oudit- en risikokomitee, die onafhanklikheid, kundigheid, hulpbronne en doeltreffendheid van die interne ouditfunksie sowel as die gerusstellingsverslae van die oudit- en risikokomitee, interne ouditfunksie en bestuur beoordeel, bevestig dat die interne finansiële beheerstelsel behoorlik gedokumenteer en in die tydperk onder oorsig nagesien is en is van mening dat die interne finansiële beheerstelsel toepaslik is en doeltreffend funksioneer.

REKENINGKUNDIGE BELEID
Die rekeningkundige beleid, berekenings en beginsels wat by die voorbereiding van die gekonsolideerde tussentydse finansiële state toegepas is, stem in alle wesenlike opsigte ooreen met dié toegepas in die gekonsolideerde finansiële jaarstate van 30 April 2017.

FINANSIËLE EN BEDRYFSOORSIG
Die groep het in die ses maande geëindig 31 Oktober 2017 'n inkomste van R1 118 miljoen en 'n nabelastingwins van R13 miljoen gerealiseer, teenoor 'n inkomste van R1 097 miljoen en 'n nabelastingwins van R11 miljoen in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar. Voortgesette bedrywighede het R96 miljoen bygedra tot die nabelastingwins, teenoor R66 miljoen in die vergelykende tydperk. Dit verteenwoordig 'n styging van 2% in die inkomste van die voortgesette bedrywighede, 18% in die nabelastingwins, en 45% in die nabelastingwins uit voortgesette bedrywighede.

Die verbetering in die resultate van die groep kan hoofsaaklik toegeskryf word aan beter landboutoestande, wat gelei het tot uitsonderlike goeie graanontvangste uit die groep se bedieningsgebied. Op grond van die goeie graanoes het die inkomste van die graansegment bykans verdubbel en die wins van die segment verdriedubbel. Handel en die finansiële dienssegment het hul prestasies van die onlangse verlede voortgesit en bevredigend presteer. Die goeie prestasies van die graan-, handel- en finansiële dienssegmente is egter tot 'n groot mate deur volgehoue verliese by die nywerhede en Zambiese bedrywighede, maar veral waardedalingsverliese op die Afrikabesighede, genegeer.

Die direksie het op die algemene jaarvergadering van September 2017 aangedui dat die groep sy betrokkenheid by sy Afrika-besighede in heroorweging sal neem. Voortspruitend daaruit het die direksie besluit om die Botswana-besigheid te verkoop en is 'n verkoopskontrak sedertdien met voornemende kopers aangegaan. Die voorgenome transaksie is goedgekeur deur die kompetisie-owerhede in Botswana en die verkoop van die besigheid sal na verwagting teen die einde van Februarie 2018 afgehandel wees. Die direksie het voorts besluit om ook uit die Zambiese besighede te tree, maar 'n eksakte beëindigingstrategie is nog nie gefinaliseer nie. Omsigtigheid het die bestuur verplig om waardedalingsverliese van R35 miljoen op die belegging in en lenings aan die Zambiese entiteite te erken. Indien die ekwiteitsverantwoorde verlies van R65 miljoen uit die gesamentlike onderneming in ag geneem word, beloop die totale verlies uit die Zambiese entiteite dus R100 miljoen. Na die verliese vir die tydperk, die afskrywing en die addisionele belegging wat die groep noodgedwonge moes doen, is die waarde van die belegging in die Zambiese besighede nou R83 miljoen.

Sodra die beëindigingstrategie gefinaliseer is en daar meer sekerheid oor die uitvoering van die strategie is, sal dit moontlik wees om te bepaal of addisionele waardedalingsverliese erken moet word al dan nie.

Die Mededingingstribunaal van Suid-Afrika het die verkoop van Noordfed Eiendoms Beperk kort na die verslagdoeningsdatum met voorwaardes goedgekeur, gevolglik is die verkoopstransaksie tans in die proses van implementering.

As gevolg van die groot volume graanvoorraad wat op die verslagdoeningsdatum met kommoditeitslenings en bankoortrekkings finansier word, het die ekwiteitsverhouding verswak vanaf 45% op 30 April 2017 of, meer realisties, vanaf 40% op 31 Oktober 2016 tot 34%. Die toename in graanvoorraad teenoor 30 April 2017 gee ook aanleiding tot 'n negatiewe kontantvloei uit bedrywighede.

VOORUITSIGTE
Die goeie reëns vroeër die jaar het meegebring dat 'n rekord mielie-oes nasionaal gerealiseer het. Dit het ook in die bedieningsgebied van die groep 'n groot bydrae gelewer. Graanontvangstes is hoog en die besondere groot oes sal die sleutelbesigheid help om na normaal terug te keer.

Na die aanstelling van 'n hoof uitvoerende beampte en hoof finansiële beampte, is die bestuurspan byna volledig en word die strategie van die groep tans heroorweeg. Die fokus sal in die afsienbare toekoms grootliks op die vervreemding van die Afrikabesighede en Noordfed wees. Intussen begin ons ook met nuwe inisiatiewe om klantediens en klantgerigtheid uit te brei, wat die fokus op sleutelbesigheid sal ondersteun.

EINDIGENDE BEDRYWIGHEDE
Die bestuur is van voorneme om die groep se belegging in die gesamentlike onderneming Mont-Trade Proprietary Limited te vervreem en sy betrokkenheid by die gesamentlike onderneming AfricaNeth Coöperatief U.A. te beëindig, gevolglik het die bestuur dié beleggings geklassifiseer as niebedryfsbates gehou vir verkoop. Die finansiële resultate van Mont-Trade Proprietary Limited en AfricaNeth Coöperatief U.A. word dus nou saam met dié van Noordfed Eiendoms Beperk as 'n wins of verlies uit eindigende bedrywighede geklassifiseer.

SEISOENALE BESIGHEID
Die doelstelling van die groep is om in landbou- en verwante produkte, hulpmiddels en dienste handel te dryf en om aanverwante aktiwiteite te onderneem. Dié doelstelling veroorsaak dat die inkomste wat die groep verdien en die daaruitvoortspruitende wins of verlies aan die seisoenale aard van landbou-aktiwiteite blootgestel is. Graan word meestal in die eerste ses maande van 'n finansiële jaar ontvang. Daarteenoor styg die inkomste wat die handelsegment verdien in die laaste ses maande van 'n finansiële jaar wanneer somergewasse geplant word. Tradisioneel presteer die groep se sleutelbesighede beter in die laaste deel van 'n finansiële jaar, onderworpe aan klimaatstoestande, die oesopbrengste van produsente en kommoditeitspryse.

Dit is nie net die finansiële resultate van die groep wat seisoenaal van aard is nie, die staat van finansiële stand en kontantvloei word eweeens wesenlik deur die seisoenale aard van landbou-aktiwiteite beïnvloed. As voorbeeld is die vlakke van handels- en ander debiteure tradisioneel laer by die einde van Oktober, wanneer die produksieskuld van die vorige seisoen vereffen is, gemeet teen die einde van April, wanneer die nuwe produksieseisoen gefinansier word. Daarteenoor is voorraadvlakke, en veral die vlakke van graanvoorraad, tradisioneel hoër by die einde van Oktober, in vergelyking met dié by die einde van April. Die seisoenale skommelings in vlakke van voorraad en handels- en ander debiteure, saam met die skommelings in die vlakke van die bank- en korttermynlenings waarmee die bates gefinansier word, is dan ook die rede waarom die groep by die aanbieding van sy gekonsolideerde tussentydse finansiële state 'n staat van finansiële stand by die einde van die vergelykende tydperk van die vorige jaar aanbied, ten spyte daarvan dat die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde dit nie vereis nie.

DIVIDEND
Teen die agtergrond van die huidige omstandighede het die direksie besluit om nie 'n tussentydse dividend te verklaar nie.

NIENAKOMING VAN NOTERINGSVEREISTES
Dit word ingevolge die noteringsvereistes van 4AX vereis dat 'n maatskappy se tussentydse finansiële state deur 'n ouditeur nagesien moet word, tensy sodanige maatskappy se aandeelhouers die maatskappy van sodanige verpligting deur middel van 'n gewone besluit kwytskeld. Die gekonsolideerde tussentydse finansiële state van NWK Beherend Beperk is nie onafhanklik nagesien nie en 'n aandeelhouersbesluit wat dit ratifiseer sal ten tye van die volgende algemene jaarvergadering ter tafel gelê word.

GOEDKEURING
Die direkteure is van mening dat die gekonsolideerde tussentydse finansiële state die finansiële stand en prestasies van die maatskappy billik aanbied, dat dit volledig en akkuraat is, voldoen aan die bepalings van die Maatskappywet en in ooreenstemming met die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde voorberei is. Die direkteure is van mening dat die rekeningkundige beleid toepaslik is, die wesenlike onsekerhede verbonde aan die voorbereiding van die gekonsolideerde tussentydse finansiële state behoorlik beoordeel is en dat ramings en aannames redelik, omsigtig en onbevooroordeeld is en die beskikbare en toepaslike inligting in ag neem. Die gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2017, soos op bladsye 1 tot 10 uiteengesit, is op 18 Desember 2017 deur die direksie goedgekeur en word namens die direksie onderteken deur:

H KRÜGER
VOORSITTER

L VERMOOTEN
ONDERVOORSITTER

18 DESEMBER 2017

STAAT VAN FINANSIËLE STAND
SOOS OP 31 OKTOBER 2017

	Oktober 2017 R'm	April 2017 R'm	Oktober 2016 R'm
Bates			
Niebedryfsbates	**964**	1 161	1 223
Eiendom, aanleg en toerusting	**391**	395	398
Beleggingseiendom	**15**	15	15
Ontasbare bates	**24**	26	5
Belegging in geassosieerde en gesamentlike ondernemings	**162**	326	260
Belegging in genoteerde en ongenoteerde entiteite	**11**	9	12
Lenings	**361**	376	517
Uitgesteldebelasting-bates	**-**	14	16
Bedryfsbates	**2 937**	1 846	2 145
Voorraad	**2 145**	612	1 332
Handels- en ander debiteure	**682**	1 135	659
Biologiese bates	**44**	47	49
Lopendebelasting-bates	**10**	4	-
Afgeleide finansiële instrumente	**31**	3	84
Kontant en kontantekwivalente	**25**	45	21
Niebedryfsbates vir verkoop gehou	**192**	57	67
Totale bates	**4 093**	3 064	3 435
Ekwiteit en laste			
Ekwiteit toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy	**803**	795	780
Aandelekapitaal	**44**	44	44
Verdeelbare reserwes	**759**	751	736
Ekwiteit toeskryfbaar aan niebeherende belange	**583**	578	567
Ekwiteit	**1 386**	1 373	1 347
Niebedryfslaste	**27**	42	339
Langtermynlenings	**12**	15	311
Langtermynvoorsienings	**5**	5	4
Uitgesteldebelasting-aanspreeklikhede	**10**	22	24
Bedryfslaste	**2 680**	1 649	1 749
Handels- en ander krediteure	**735**	388	691
Korttermynvoorsienings	**11**	2	12
Lopendebelasting-aanspreeklikhede	**-**	-	26
Afgeleide finansiële instrumente	**12**	27	-
Korttermynlenings en bankoortrekkings	**1 922**	1 232	1 020
Totale ekwiteit en laste	**4 093**	3 064	3 435

STAAT VAN WINS OF VERLIES
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2017

	Aan-tekening	2017 R'm	2016* R'm
Inkomste		**1 118**	1 097
Bedryfswins voor finansieringskoste	**1**	**187**	92
Finansieringskoste		**(68)**	(62)
Bedryfswins		**119**	30
Ekwiteitsverantwoorde verdienste		**3**	43
Voorbelastingwins		**122**	73
Belasting		**(26)**	(7)
Wins uit voortgesette bedrywighede		**96**	66
Verlies uit eindigende bedrywighede	**2**	**(83)**	(55)
Wins vir die tydperk		**13**	11
Wins toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy		**8**	7
Wins uit voortgesette bedrywighede		**58**	40
Verlies uit eindigende bedrywighede		**(50)**	(33)
Wins toeskryfbaar aan niebeherende belange		**5**	4
Wins uit voortgesette bedrywighede		**38**	26
Verlies uit eindigende bedrywighede		**(33)**	(22)
Wins vir die tydperk		**13**	11
Verdienste per aandeel*		**Sent**	Sent
Basiese en verwaterde verdienste		**10,5**	9,2
Basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette bedrywighede		**76,1**	52,5
Basiese en verwaterde verdienste uit eindigende bedrywighede		**(65,6)**	(43,3)

Die berekening van basiese en verwaterde verdienste per aandeel is gegrond op die gekonsolideerde wins toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy van R8 miljoen en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828 en, in die geval van die vorige jaar, die gekonsolideerde wins toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy van R7 miljoen en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828.

Die berekening van basiese en verwaterde verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywighede is gegrond op die gekonsolideerde wins uit voortgesette bedrywighede toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy van R58 miljoen en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828 en, in die geval van die vorige jaar, die gekonsolideerde wins uit voortgesette bedrywighede toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy van R40 miljoen en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828.

Die berekening van basiese en verwaterde verdienste per aandeel uit eindigende bedrywighede is gegrond op die gekonsolideerde verlies uit eindigende bedrywighede toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy van R50 miljoen en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828 en, in die geval van die vorige jaar, die gekonsolideerde verlies uit eindigende bedrywighede toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy van R33 miljoen en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828.

***Vergelykende syfers**

Die bestuur het die Afrikabesighede as eindigende bedrywighede geklassifiseer, gevolglik is die vergelykende syfers van die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar aangepas.

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2017

	2017 R'm	2016 R'm
Wins vir die tydperk	**13**	11
Ander omvattende inkomste		
– Valutaverskille by die omskakeling van die belang in buitelandse entiteite	**4**	(10)
Omvattende inkomste vir die tydperk	**17**	1
Omvattende inkomste toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy	**10**	1
Omvattende inkomste toeskryfbaar aan niebeherende belange	**7**	-
Omvattende inkomste vir die tydperk	**17**	1

STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2017

	2017 R'm	2016 R'm
Beginsaldo	**1 373**	1 349
Omvattende inkomste vir die tydperk	**17**	1
Wins vir die tydperk	**13**	11
Ander omvattende inkomste	**4**	(11)
Koste van potensiële aandeelhouerstransaksie	**-**	(3)
Dividende betaal	**(4)**	-
Ekwiteit aan die einde van die tydperk	**1 386**	1 347
Dividende betaal		
Dividende per aandeel betaal	**3 sent**	-

KONTANTVLOEISTAAT
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2017

	2017 R'm	2016 R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**(628)**	380
Kontantvloei uit bedrywighede	**(613)**	388
Finansieringsinkomste	**63**	57
Finansieringskoste	**(70)**	(68)
Belasting ontvang/(betaal)	**(4)**	3
Dividende betaal	**(4)**	-
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(78)**	-
Eiendom, aanleg en toerusting gekoop of vervaardig	**(11)**	(8)
Addisionele investering in gesamentlike ondernemings	**(82)**	-
Aandele in ongenoteerde maatskappy gekoop	**(3)**	-
Opbrengs by die vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting	**-**	1
Opbrengs by die vervreemding van beleggingseiendom	**-**	3
Dividende ontvang	**18**	4
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**932**	(11)
Korttermynlenings	**943**	-
Langtermynlenings betaal	**(11)**	(7)
Koste van potensiële transaksie tussen aandeelhouers	**-**	(4)
Verandering in kontant en kontantekwivalente	**226**	369
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**(894)**	(1 349)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**(668)**	(980)

SEGMENTELE VERSLAGDOENING
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2017

Die doelstelling van die groep is om in landbou- en verwante produkte, hulpmiddels en dienste handel te dryf en om aanverwante aktiwiteite te onderneem. Die bedryfsaktiwiteite van die groep word vir bestuursdoeleindes in sewe segmente verdeel, naamlik graan, handel, nywerhede, boerdery, finansiële dienste, Afrikabesigheid en diverse werksaamhede. Die samestelling van die segmente is gegrond op, eerstens, die tipe produkte en dienste wat gelewer word, tweedens, geografiese gebiede, derdens, die klantebasis wat bedien word en, laastens, die segmentsamestellings van konkurrente en ander landboumaatskappye. Die groep beoefen sy bedryfsaktiwiteite in die Noordwesprovinsie, Gauteng, Mpumalanga, die Republiek van Botswana en die Republiek van Zambië.

	Segmentinkomste		Segmentresultate	
	2017 R'm	**2016 R'm**	**2017 R'm**	**2016* R'm**
Graan	**116**	63	**98**	29
Eksterne klante	**116**	61		
Ander segmente	**-**	2		
Handel	**807**	795	**21**	25
Eksterne klante	**806**	795		
Ander segmente	**1**	-		
Nywerhede	**71**	157	**(5)**	7
Eksterne klante	**66**	147		
Ander segmente	**5**	10		
Boerdery	**196**	257	**17**	1
Eksterne klante	**134**	176		
Ander segmente	**62**	81		
Finansiële dienste	**97**	97	**24**	26
Eksterne klante	**53**	54		
Ander segmente	**44**	43		
Afrikabesigheid	**-**	-	**(100)**	(12)
Diverse werksaamhede	**19**	19	**8**	(6)
Eksterne klante	**9**	11		
Ander segmente	**10**	8		
Netto korporatiewe uitgawes	**-**	-	**(50)**	(51)
Totale segmentinkomste en -resultate	**1 306**	1 388	**13**	19
Rekonsiliasie met die inkomste en voorbelastingwins getoon in die staat van wins of verlies				
Segmentinkomste en -resultate hierbo getoon	**1 306**	1 388	**13**	19
Tussensegmenttransaksies	**(122)**	(144)	**-**	-
Getoon as eindigende bedrywighede	**(66)**	(147)	**109**	54
Bedrae in die staat van wins of verlies getoon	**1 118**	1 097	**122**	73

***Vergelykende syfers**

Die bestuur het die Afrikabesighede as eindigende bedrywighede geklassifiseer, gevolglik is die vergelykende syfers van die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar aangepas.

AANTEKENINGE BY DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2017

	2017 R'm	2016* R'm
1. Bedryfswins voor finansieringskoste		
Bedryfswins voor inagneming van die uitgawes hieronder	**198**	100
Afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde	**(3)**	(2)
Waardedalingsdebiet op finansiële bates	**(8)**	(6)
Bedryfswins voor finansieringskoste	**187**	92
2. Verlies uit eindigende bedrywighede		
Bedryfsverlies van Noordfed Eiendoms Beperk	**(9)**	(32)
Bedryfsverlies van Epko Oil Refinery Proprietary Limited	**-**	(2)
Waardedalingsdebiet op gesamentlike ondernemings	**(35)**	(6)
Bedryfsverlies	**(44)**	(40)
Ekwiteitsverantwoorde verdienste	**(65)**	(14)
AfricaNeth Coöperatief U.A.	**(65)**	(12)
Agrisig Eiendoms Beperk	**-**	(2)
Verlies voor belasting	**(109)**	(54)
Belasting	**26**	(1)
Verlies uit eindigende bedrywighede	**(83)**	(55)

3. Billikewaarde-hiërargie van bates en laste wat op 'n herhalende grondslag teen billike waarde gemeet word	Oktober 2017 R'm	April 2017 R'm	Oktober 2016 R'm
Belegging in genoteerde en ongenoteerde entiteite	**11**	9	12
Billike waarde met eerstevlak-insetdata gemeet	**1**	1	2
Billike waarde met tweedevlak-insetdata gemeet	**-**	1	1
Billike waarde met derdevlak-insetdata gemeet	**10**	7	9
Biologiese bates	**44**	47	49
Billike waarde met tweedevlak-insetdata gemeet	**9**	10	11
Billike waarde met derdevlak-insetdata gemeet	**35**	37	38
Afgeleide finansiële instrumente met eerstevlak-insetdata gemeet	**19**	(24)	84
Netto billike waarde van die bates en laste wat teen billike waarde gemeet word	**74**	32	145

***Vergelykende syfers**

Die bestuur het die Afrikabesighede as eindigende bedrywighede geklassifiseer, gevolglik is die vergelykende syfers van die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar aangepas.

AANTEKENINGE BY DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2017

	Oktober 2017 R'm	April 2017 R'm	Oktober 2016 R'm
4.Billikewaarde-hiërargie van bates wat teen geamortiseerde koste gemeet word			
Lenings	**361**	376	517
Handels- en ander debiteure	**682**	1 135	659
Kontant en kontantekwivalente	**25**	45	21
Billike waarde met tweedevlak-insetdata gemeet	**1 068**	1 556	1 197
5.Billikewaarde-hiërargie van laste wat teen geamortiseerde koste gemeet word			
Lenings	**12**	15	311
Handels- en ander krediteure	**735**	388	691
Korttermynlenings en bankoortrekkings	**1 922**	1 232	1 020
Billike waarde met tweedevlak-insetdata gemeet	**2 669**	1 635	2 022

	2017 R'm	2016 R'm
6.Verwanteparty-transaksies		
Inkomste verdien uit verwante partye	**27**	30
Nie-uitvoerende direkteure	**12**	11
Gesamentlike ondernemings	**15**	19
Graan by nie-uitvoerende direkteure gekoop	**28**	25
Goedere by gesamentlike ondernemings gekoop	**2**	-
Waarde van transaksies met verwante partye	**57**	55

KORPORATIEWE INLIGTING

GEREGISTREERDE ADRES
Scholtzstraat 81, Lichtenburg, 2740

POSADRES
Posbus 107, Lichtenburg, 2740

4AX-AANDEELKODE
4ANWK

ISIN
ZAE400000010

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE
H Krüger
L Vermooten
FH Badenhorst
JP du Preez
J Mahne
RP Richter
JH Suurd
CF van Niekerk

OPENBARE BEAMPTE
TE Rabe

SEKRETARIS
Q van Niekerk

VERHANDELINGSPLATFORM
4 Africa Exchange Proprietary Limited
Bryanston

OORDRAGSEKRETARIS
4 Africa Exchange Registry Proprietary Limited
Bryanston

4AX UITREIKINGSAGENT
Pallidus Capital
Irene
Centurion